

Die dood van 'n universiteit

Onlangs ry ek na 'n plattelandse universiteit (noem dit maar "Universiteit X"), waar ek genooi is om 'n lesing te gee. Toe ek deur die hekke ry, skeur ek my voorbereide lesing op en besluit om uit die vuis te praat.

Toe ek 'n uur later die titel van die nuwe toespraak aan die voorsitter van die opeenkoms gee, was daar letterlik paaiek: "'n Saak vir die sluiting van Universiteit X", en hy het die toespraak probeer keer. Maar ek het deurgedruk, want wat ek fisiek by die universiteit aangetref het dié dag het bevestig wat ek daarvan geweet het.

Die universiteit se naam bord het skeef of een van die hekke gehang. Die gras is

maande laas gesny. Die klaskamers was in 'n erger toestand as dié van baie townshipskole wat ek deur die jare besoek het. Die paar goeie professore is jare gelede al almal weg.

Die bestuur van dié universiteit het niks anders gedoen as om die studente se woede te probeer bedwing en voortdurende dreigemente van personeeloptrede te keer nie. Die visekanselier het geen gelofwaardigheid as geleerde en navorsing gehad nie en was heeltemal onbekwaam as bestuurder. Elke maand was daar onsekerheid oor die betaling van salarisse.

Die biblioteek het jare laas nuwe boeke gekoop en het geen noemenswaardige tydskrifafdeling gehad nie, boeke is ge-

reeld verniel of gesteel.

Daar was bloedmin vakkundige publikasies deur akademici en die universiteit se eie akademiese personeel het feitlik niets in mededingende gesaghebbende internasionale tydskrifte gepubliseer nie.

Daar was geen intellektuele lewe op hierdie kampus nie, geen stimulerende debatte oor ontwikkeling, lewendige seminare oor aktuelle ekonomiese, politiek of onderwyskwessies nie, geen standhoudende stroom besoekende geleerde wat met akademiese projekte help nie, geen leiersfigure onder die geleerde of idealele oor die toekoms of idees oor die kompleks probleme van die land nie.

Kortom: die plek was dood.

Dit was my gedagtes oor die patetiese toestand van die instelling wat die vraag my te binne laat skiet het: wanneer hou 'n universiteit op om te bestaan?

Dit sal maklik wees om 'n rat voor die oë gedraai te word deur die simboliese seremonies en roetines van 'n universiteitslewe en sodende 'n instelling vir 'n universiteit aan te sien – jaarlike gradeplegtighede in akademiese druk, die geleerde inname van nuwe studente, al word die toelatingstandaarde al hoe meer verlaag om die plek solvent te hou – maar dit beteken nie die plek is 'n universiteit nie.

'n Regeringsdekreet is nie genoeg om dit te bepaal nie. – Jonathan Jansen